

Gereformeerde Kerk Bellville – 17 April 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4

- 1 Ek buig voor God die Vader biddend neer, / voor Hom deur Wie gelowiges mag lewe:
dié reeds verhoog, in hemele verhewe, / en dié wat nog in aardse tyd verkeer.
- 2 Mag God nou deur sy Gees in julle werk, / jul uit sy ryke heerlijkheid bekragtig
sodat in julle woon die Christus magtig / en jul in liefde vasstaan, stewig, sterk.
- 3 Mag jul begryp hoe wyd dié liefde strek, / hoe diep en hoog – vér ons verstand te bowe!
Mag julle wat met almal saam gelowe, / dit in Gods volheid ken en klaar ontdek.
- 4 Aan Hom wat kragtiger in ons kan werk / as wat ons bid of dink – aan Hom, die Here,
bring ons in Christus ewig, ewig ere! / Amen! Aan Hóm die ere in die kerk!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Gebed

Psalm 116:4, 5 (p. 569)

- 4 Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan. / 'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.
Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming, / Hy 't jou verlos en aan jou welgedaan.
- 5 U het my siel weer van die dood bevry; / in droefenis droog U, o HEER, my trane;
U lei my voet langs nuwe lewensbane, / om in u lig te wandel, lewensbly.

Skriflesing: Jesaja 54:1-55:13; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 13

Kernvers: Jesaja 55:8-11

**Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë
nie, spreek die Here. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my
weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.**

**Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen
nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring
en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter; so sal my
woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer
nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek
dit stuur. (Jesaja 55:8-11 AFR53)**

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 3 en 4, Artikel 13

*Die aard van hierdie werking kan die gelowiges in hierdie lewe nie volkome begryp nie.
Intussen is dit vir hulle 'n gerusstelling dat hulle weet en ervaar dat hulle deur hierdie
genade van God van harte glo en hulle Verlosser liefhet.*

'n Verduideliking by artikel 13

In artikel 10 bely ons wat God doen met die mense wat Hy tot bekering en geloof in Jesus Christus bring. Hy het hulle in die ewigheid in Christus uitverkies. In die tyd roep Hy hulle kragtig en skenk aan hulle geloof en bekering. God bring dus die mens uit die ryk van die duisternis oor in die ryk van die lig.

In artikel 11 bely ons dat hierdie werk van God nie net uiterlik plaasvind nie. Die Heilige Gees verlig die verstand van die mens om te begryp dat God hom roep. Verder dring die Heilige Gees tot in die hart van die mens om dit oop te sluit, te versag en te besny. En in die wil van die mens stort die Heilige Gees nuwe eienskappe in.

In artikel 12 bely ons dat hierdie werking van die Heilige Gees niks minder is nie as die kragtige werking van God toe Hy geskep het of wanneer Hy mense uit die dood uit opwek. Hierdie werking van God is volkome bonatuurlik, baie kragtig en tegelyk baie aangenaam, wonderlik, verborge en onbeskryflik. Die gevolg is dat die mens in wie God so werk verseker, onfeilbaar en kragdadig weer gebore word en daadwerklik glo.

In aansluiting by die woorde *bonatuurlik*, *verborge* en *onbeskryflik* van artikel 12 gaan ons voort om te sê dat die gelowiges hierdie werking van God binne-in die mens nie in hierdie lewe volkome kan begryp nie. Ons kan iets daarvan ken omdat die Here dit aan ons openbaar in sy Woord. Maar presies hoe die Heilige Gees hierdie werk doen, is vir ons verborge en onbeskryflik. Daarom kan ons dit nie volkome begryp nie, alhoewel ons daarvan weet.

Hoe weet 'n mens van hierdie werking van God binne-in 'n mens? Met ander woorde, hoe kan 'n mens seker wees dat die Heilige Gees ook in jou die weergeboorte bewerk het? In artikel 12 bely ons dat die werking van die Heilige Gees baie aangenaam en wonderlik is. Hierdie werking van die Heilige Gees veroorsaak 'n gerusstelling by jou omdat jy weet en ervaar dat jy deur hierdie genade van God van harte glo en jou Verlosser liefhet. Hoe weet 'n mens dat jy glo? Jy glo, dit is die kort en eenvoudige antwoord. Maar hierdie geloof word ook ervaar en beleef. Jy ervaar dat jy ook jou Verlosser liefhet. Maar dit gaan oor meer as net 'n warm gevoel in jou hart. Jy kom ook agter dat jou gesindheid teenoor die Here en teenoor ander mense besig is om drasties te verander.

Saamgevat dan: Ons kan die werking van die Heilige Gees tydens die weergeboorte nie begryp nie, maar ons kan die uitwerking van sy werk in onself agterkom.

Tema: Weergeboorte so onbeskryflik maar tegelyk ook so heerlik

Geliefde gemeente van Jesus Christus, in ons reeks aan die hand van die Dordtse Leerreëls kom ons vanaand by een van die kortste artikels – net twee sinnetjies. Maar dit is verseker nie 'n onbelangrike artikel omdat dit so kort is nie. Inteendeel, in hierdie twee sinnetjies

bely ons ons eie swakheid. Ons kan soveel wysheid in hierdie wêreld bymekaarmaak en hê, maar daar is dinge wat die Here doen wat ons eenvoudig nie in hierdie lewe sal kan begryp nie.

Ongelukkig is daar mense wat hierdie swakheid van die mens misbruik. Aan die een kant misbruik hulle dit om ons goeie God te verneder en te verkleiner. In plaas daarvan om hulle eie swakheid te erken, is hulle in hulle eie oë uitermate wys en slim. Hulle kan 'n klomp dinge met hulle verstand bewys omdat hulle kan beskryf hoe dit werk. Maar

wanneer dit by die wonders van God kom, is hulle vinnig om te sê dat dit nie kan gebeur nie. Omdat hulle nie 'n wonderwerk soos die vermeerdering van die brode en visse in die hande van Jesus self kan doen nie, sê hulle dit kan nie gebeur nie. Sodoende verkleiner hulle die Here in sy grootheid asof Hy nie kan doen wat Hy gesê het nie.

Aan die ander kant misbruik hulle die swakheid van die mens om onrus in die hart van die kinders van God te veroorsaak. Met hulle verstandelike argumente dat alles bewys en gesien moet kan word voordat 'n mens dit kan glo, maak hulle dat gelowiges begin twyfel oor hulle eie geloof en verlossing.

Broers, susters en kinders, daar is inderdaad baie dinge in die Bybel wat ons nie kan verstaan of verklaar nie. Die skepping van die hemel en die aarde en alles wat op die aarde is, kan ons nie begryp nie. Dit is ver bo ons begrip en daar was geen mens teenwoordig wat met 'n kamera kon vaslê wat die Here God presies gedoen het nie. Tog weet ons dat die almagtige God net gespreek het en die skepping het gebeur. Hy roep dinge wat nie bestaan nie – daar is niks nie, maar Hy roep asof dit bestaan (hierdie *asof dit bestaan* is hoe ons mense dit sien) – en skielik is dit wat Hy geroep het daar – lewensgroot – op die aarde. Ons weet dat God geskep het, want Hy vertel dit self vir ons. En alhoewel ons dit nie gesien het nie en ook nie self met wetenskaplike eksperimente kan bewys nie, glo ons dit omdat die Here dit vir ons vertel.

Die verlossing van die mens is net so wonderlik, bonatuurlik en onbeskryflik. Hoe werk dit dat die heilige en regverdige God 'n totaal verlore mens kan omkeer dat hierdie bekeerde mens soos dag van nag verskil teenoor die onbekeerde mens wat hy was, is onbegryplik. Wat die Heilige Gees presies binne-in hierdie mens gedoen het en hoe Hy dit gedoen het, het niemand gesien of waargeneem nie. Dit is net heeltemal bo ons mense se begrip. Maar omdat dit nie deur die mens begryp of verklaar kan word nie, wil nie sê dat God nie 'n mens kan verlos nie. Die mens met wie die Here dit doen, beleef self die drastiese verandering en ander mense staan verstom oor die anderste mens wat hulle nou ontmoet. Hy is so anders as wat ons hom leer ken het.

In Jesaja 54 verkondig die Here deur sy profeet hoe mooi en heerlik Hy die lewe vir sy volk gaan maak. Nou moet ons onthou aan wie Jesaja hierdie woorde verkondig. Dit is aan die volk wat deur Nebukadnesar van Babel in ballingskap weggeneem gaan word. Tot en met Jesaja 39 verkondig die profeet die oordeel en toorn van die Here oor sy volk wat nie na die Here wil luister en hulle bekeer nie. Jesaja 39 sluit af met die vooruitsig van die verskriklikheid van die ballingskap.

En dan – sommer soos handomkeer – begin die Here in Jesaja 40 met die verkondiging van die troos en sorg wat Hy weer aan sy volk sal gee. Daar word niks verder oor die oordeel en die toorn van die Here gesê nie. En saam met die volk van die Here wil 'n mens verstom vra: Hoe is dit moontlik? Hoe kan die Here eeue se opstand teen Hom en hope skuld sommer net so vergeet en weer van vooraf liefde aan sy volk gee asof niks gebeur het nie?

Alhoewel 'n mens nie een keer die mense se stemme hoor in hierdie twee hoofstukke van Jesaja nie, hoor 'n mens hoe die Here deur sy profeet die stomme verbasing tot rus bring. Sommer van die eerste woorde af in hoofstuk 55 kan 'n mens hoor hoe die mense snak na hulle asem. Die Here roep hulle: Kom na die waters! Waters is in Jesaja ook beeldspraak vir die Heilige Gees (Jes 32:15; 44:3), soos wat Jesus in Johannes 7 van die Gees praat. Die mense word nie net na die waters geroep nie, maar die verstommende is dat hulle wat geen geld het nie wyn en melk moet kom koop. Hulle moet koop; dit beteken daar moet 'n

ruiling plaasvind. Hulle moet iets gee, en in ruil daarvoor sal hulle wyn en melk ontvang.

Die enigste manier waarop die mense kan gaan koop terwyl hulle geen geld het nie, is wanneer hulle met iemand anders se geld gaan koop. Iemand anders moes dan die geld verdien het. Die Heilige Gees herinner ons daarom juis aan die lydende Knecht van die Here wat Homself onder die toorn en oordeel van die heilige en regverdigste God gestel het en ter wille van mense se oortredinge deurboor is (Jes 53). Omdat die Knecht van die Here met sy lewe die skulde van mense betaal het en Hy uit die dood opgewek is, is die waters – die Heilige Gees – beskikbaar vir mense. Dit is op grond van Jesus Christus se soenoffer aan die kruis en die Vader se bevestiging dat dit die enigste betaling vir mense se skuld is dat die Vader en die Seun die Heilige Gees as eerste gawe aan mense kan gee.

Omdat God sy Gees aan mense gee en Hy tot in die binneste dele van die mens kan en wil indring, kan mense gehoor gee aan die roepstem van die Vader. Soek, sê die Here, soek die Here terwyl Hy nog te vinde is. Roep My, sê die Here, roep My terwyl Ek naby is. Die Here stel Homself oop. Hy wil Hom deur mense laat vind. Om die Here te soek en Hom aan te roep, is om deur die geloof na Hom toe uit te reik. Hoe kan dit gebeur? Dit kan alleen gebeur omdat die Heilige Gees die verstand van die mens verlig het, sy hart besny het en in sy wil nuwe eienskappe uitgestort het.

Wanneer die Heilige Gees so werksaam is in die binneste van die mens, bly die mens nie passief nie. Die mens word aktief – nie in die sin dat die mens by die Heilige Gees oorneem waarmee die Heilige Gees begin het of waarmee die Heilige Gees besig is nie. Wat kan die mens tog in en aan homself doen sonder die Heilige Gees? Niks, absoluut niks. Wanneer die mens self wil aangaan waarmee die Heilige Gees besig was, sou hy terugkeer na waar hy was voordat die Heilige Gees in sy binneste ingedring het. Hy sal weer sy geld afweeg vir wat geen brood is nie en hy sal arbei vir wat nie kan versadig nie. Self kan die mens niks doen om tot die Here terug te keer nie en op sy eie kan die mens nie op die weg van bekering en geloof volhard nie.

Nee, wanneer die Heilige Gees nuwe eienskappe in die wil van die mens uitstort, bekragtig Hy die mens om tree vir tree agter die Gees aan te wandel. Deur die kragtige en onbeskryflike werk van die Heilige Gees kom die mens tot die besef dat sy weë goddeloos is. Die wyse waarop hy van nature lewe is nie tot eer van God nie. Verder kom die mens tot die besef dat sy gedagtes kwade gedagtes is. Hy bedink van nature alles wat boos is. Hierdie besef wat by die mens posvat en deur die verdere werking van die Heilige Gees groei, laat die mens hom tot God bekeer, want Hy leer God as die barmhartige God ken, die God wat ter wille van sy Knecht menigvuldige sondes vergewe.

Net tussen hakies, dit is nie so dat die mens eers sy weë en gedagtes moet verlaat voordat die Here enigsins na hom sal kyk of daaraan dink om met hom besig te raak nie. Dit is om-dat die Heilige Gees besig raak met 'n mens wat al so deur die sonde gebreek is en blind gemaak is, dat die mens kan begin besef hoe ellendig hy werklik is. Dit is inderdaad so dat die mens homself in navolging van die Heilige Gees moet bekeer, dan sal hy God persoonlik as die barmhartige God leer ken. Die hele tyd – elke sekonde – bly die Heilige Gees werksaam in die binneste dele van die mens sodat God sy besluit oor hierdie mens tot voleinding kan bring.

Hierdie werking van die Heilige Gees bly onsienlik vir die mens. Dit kan nie onder 'n mikroskoop geplaas word sodat die mens kan uitpluis en begryp wat Hy alles binne-in die mens doen nie. Die werking van die Heilige Gees binne-in die mens is onbeskryflik

groots – ver bo die begrip van enige mens. En nog voordat die mens kan vra: Kan dit werklik gebeur? Kan God 'n vyandige, bakleiende en skreeuende mens wat in sy wese so verdorwe is dat hy eintlik net die ewige oordeel verdien, omkeer – só omkeer dat hierdie afskuwelike mens iemand kan word wat op sy knieë voor die Here sy skuld kan bely en die Here wat hy so gehaat het met sy hele hart en lewe kan liefhê? Nog voordat die mens hierdie vrae kan vra, snoer God ons monde met hierdie twee redes:

Rede nommer een:

Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die Here. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. (Jesaja 55:8-9 AFR53)

Met hierdie rede keer die Here ons om sy werking met ons gedagtes en weë te probeer vergelyk of selfs sy werking met ons beperkte verstand te beoordeel. In sy groot genade keer die Here dat die mens hom vermoei met wat hy nooit gaan begryp nie. Die Here se gedagtes is net soveel hoër as die mens s'n. Daar is geen manier hoe ons kan bedink hoe die Here ooit daaraan kon dink om so 'n bedorwe brokkie van 'n mens 'n gehoorsame kind van Hom te maak nie. En die werkswyse van die Here is eenvoudig net hoër as wat die mens se werkswyse is. Die Here gaan nie eers begin om sy werking aan ons te verduidelik nie. Hy wil nie hê ons moet Hom in sy werking verstaan nie. Hy wil hê ons moet Hom glo en Hom loof vir die werk wat Hy in 'n sondaar tot stand kan bring. Net Hy – Hy alleen – kan en wil dit doen.

En rede nommer twee:

Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter; so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur. (Jesaja 55:10-11 AFR53)

In die tweede rede wys die Here ons daarop dat alhoewel ons nie sy werking kan begryp nie, ons wel die uitwerking van sy werking binne-in die mens sal kan opmerk. Wanneer die Here sy reën uit die hemel laat neerdaal op 'n dorre vlakte in die Kalahari, wonder ons ook wat daarvan gaan word. Vir so ver as wat ons kan sien, gaan hierdie waters net wegsak in die rooi duine in en dit gaan net so dor bly. Maar dan gebeur die wonder. Dae nadat die reën geval het, spruit die groen gras op daardie dorre duine uit. En weke later het die dor rooi duine in wuiwende grasvelde verander.

Wanneer die Here sy woord gebied oor 'n mens – wanneer Hy 'n sondaar na Hom toe roep en die Heilige Gees dring so in die binneste dele van daardie mens in, sal gebeur wat die Here begeer het. Daardie mens sal tot bekering en geloof kom. Uit daardie mond waaruit vroeër net bittere vloeke en skeltaal gehoor is, sal lofliedere opklink om die grootheid van God se genade te besing. Uit daardie hart wat vroeër so hard soos klip was, sal daar liefde vir Jesus Christus blom wat soos strome van lewende water oor sy lippe sal vloei. Met daardie hande wat vroeër net in woedende vuiste gebal was, sal daar nou dade van liefde kom – daardie hande sal 'n beker water kan aangee, 'n wond kan verbind en 'n wankelmoedige een regop help hou.

Die mens met wie die Here hierdie bonatuurlike daad verrig het, sal self nie kan verklaar wat binne-in hom gebeur het nie. Al wat hy sal kan sê is: Prys die Here vir sy groot genade! Uit die dood van die sonde het Hy my lewend gemaak sodat ek sy heerlijkheid in woord en daad kan verkondig.

Amen!

Slotgebed

Psalm 66:7, 8, 9 (p. 322)

- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.
- 8 Was ek deur ongeregthede / en hul aanloklikheid bekoor,
dan het die HEER na my gebede / en jammerklagte nie gehoor.
Maar Hom, die kenner van die harte, / was ook my diepste wens bekend;
Hy het gehoor, en in my smarte / die oor na my gebed gewend.
- 9 Lof sy Gods goedertierenhede, / sy Naam sy ewig lof en prys!
Hy het gehoor na my gebede, / my onverhoord nooit afgewys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
17 April 2016